# **SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel**

**Doel van les:**

- Om die uitleg van die Bybel beter te verstaan sodat ons beter toegerus kan weer oor hoe om van meer van God te leer.

**Ysbreker: Noot vir Noot:** Speel 'n klompie liedjies vir die kinders en kyk wie kan raai wat die liedjie se naam is, of uit watter fliek of televisie reeks die liedjie kom. (Hier is 'n link na een van ons familie noot vir noot funaande)

https://algoagemeenskapskerk.com/2018/04/07/familie-funaand

Wie het almal geken? Wie het nie een geken nie?

Ons weet nie almal, van alles ewe veel nie. Van julle kan die hele dag hierdie speletjie speel en amper nooit iets verkeerd kry nie. Ander kan rugbyspanne opnoem sonder om een speler te mis of miskien kan jy groot dele uit jou gunsteling flieks aanhaal.

Ons is natuurlik nie hier om oor flieks of sport te leer nie, maar ons Tema is Ken jou Swaard wat die Bybel is. So kom ek vra julle dan 'n klompie vrae oor die Bybel.

- Wie kan vir my vertel hoeveel boeke in die Bybel is? 66.
- Die Bybel is opgedeel in 2 dele. Wie kan hulle noem? Die Ou Testament en Nuwe Testament.
- Hoeveel boeke is in die Ou Testament? 39
- Hoeveel boeke is daar is die Nuwe Testament? 27

**Groepwerk:**

Nou gaan ek julle bietjie meer uitdaag. Elke groep gaan nou vir my die Ou en Nuwe Testament se boeke groepeer in hulle regte kategorieë. Ek gaan vir julle 'n lys gee van Ou Testament en Nuwe Testament boeke asook twee uitdeelstukke en julle moet vir my inskryf watter boeke dink julle by watter kategorieë pas.

Gee die groepe kans om dit in te vul. Gee die regte groeperings deur en vra hoe dit gegaan het met hierdie taak. Wie het almal reg gehad?

**Powerpoint: Shadow sculptures**

Ek wil hierdie powerpoint vir julle wys, omdat ek dink dat baie van julle hier sit, en voel dat die Bybel een deurmekaarspul is. Selfs soos jy nou met die Ou en Nuwe Testament groeperings sit, lyk dit steeds nie vir jou na iets wat sin maak nie. Maar wat ons moet weet is dit: Alles van die

Bybel, elke testament, elke boek wys ons na Jesus en die wonderlike plan wat God gemaak het om ons uit die hel te red.

Hierdie kwartaal gaan ons dan meer fokus op elke groepering sodat jy jou Bybel beter kan verstaan. Die lesse gaan vir julle 'n "tool" wees om julle te help met Bybelstudie. Ons kan flieks en sportspanne aframmel en baie oulik lyk, maar dit is baie belangriker om die Bybel te ken.

Sluit af met gebed in groepe.